Sondag 2 April
Skrifgedeelte: Hebreërs 5:11 – 6:12
Fokusgedeelte: Hebreërs 6:4-6

Afvalligheid in die geloof

Wat bedoel die skrywer van die Hebreërbrief as hy sê dat iemand wat in die geloof afvallig geword het, onmoontlik weer tot inkeer kan kom? Beteken dit nou dat iemand wat afvallig raak, sonde teen die Heilige Gees pleeg?

Let op dat die woorde van die Hebreërbrief aan gelowiges gerig is wat in die geloof moet volhard. Die brief is nie vir ongelowiges of afvalliges geskryf nie. Vanaf hoofstuk 5:11 is die skrywer juis besig om sy lesers aan te moedig om in die geloof te groei. Hulle mag nie babatjies in die geloof bly nie, maar moet tot geloofsvolwassenheid groei.

Wat is die resultaat as ’n persoon ’n baba in die geloof bly en nie vordering in die geloof maak nie? Uiteindelik kan so ’n persoon afvallig raak, en iemand wat afvallig geraak het, kom baie moeilik weer tot inkeer.

In ons fokusgedeelte is die skrywer van die Hebreërbrief dus met sterk woorde besig om gelowiges aan te moedig om in die geloof te volhard. Hy spel op ’n harde manier uit wat die gevolg kan wees as hulle afvallig sou word en hulle nie bekeer nie. Dan weerstaan hulle die werking van die Heilige Gees en dit kan uiteindelik aanleiding gee tot sonde teen die Heilige Gees.

Hierdie woorde beteken nou nie dat iemand wat afvallig word, sonde teen die Heilige Gees gepleeg het nie. So ’n persoon word in terme van 1 Johannes 1:8-9 steeds tot bekering opgeroep, om sodoende op die roepstem van die Gees ag te gee.

Sing: Skrifberyming 15-2:3

Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)